# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 196
19 November 2021

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

In hierdie uitgawe:
Redaksioneel
Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Wel ter talle

Kan jy glo dat die artikel reeds al met 'n fout in die titel gepubliseer is? Die speltoetser het geen fout aangedui nie en elke woord is in die woordeboek. Die woorde saam maak nie sin nie of lei tot verwarring. Anders as gesproke Afrikaans, is geskrewe Afrikaans baie afhanklik van leestekens en spelling. Spelling en leestekens is belangrik. Ons het al verwys na die plasing van die komma. Die komma op die verkeerde plek kan ly tot 'n koma. Hier lê my vrou Griet. Sy is in die hemel, niet in die hel, dit weet ek wel. Skuif die komma een woord aan en dit lees: Hier lê my vrou Griet. Sy is in die hemel niet, in die hel, dit weet ek wel. Daar is 'n groot afstand tussen die twee plekke.

Speltoetsers het die plek van die woordeboek ingeneem. Die grappie doen die rondte van die man wat sy buurman per SMS om verskoning vra dat hy die afgelope paar jaar op gereelde grondslag sy "wife" gebruik het. Die verpletterde man se emosies het soos Griet gemaak toe die opvolg SMS verskoning vra vir die speltoetser se aandeel om te verwys na "wife" terwyl dit die "wi-fi" is wat misbruik is.

Die vorige geslag het van die woordeboek en HAT gebruik gemaak. Oordeelkundigheid is van belang. Die haastige gebruik van woordeboeke het self tot vele grappige vertalings aanleiding gegee. Die seun wat sy opstel in Engels geskryf het oor die vorige dag se krieket wedstryd het haastig vertaal en met groot opwinding vertel dat dit sy draai (turn) was om te vlermuis (bat). Op gereelde grondslag sal Engelse kinders vertel van hul boorgat (boring) dag by die skool.

Ons kry dit soms reg om onsself te beledig. Daar is baie mense wat sal vertel dat hulle vervelig is. Eintlik verwys hulle op vervelige wyse in verveelde stemtoon tot vervelens toe na die verveeldheid wat hulle oor hulself bring.

Terwyl ons praat oor vreemde en snaakse uitlatings; My dogter praat van die sprokie wat sy by die winkel kry, in stede van die strokie. Kyk ek na die pryse van dit wat gekoop is, moet ek erken dat dit meer van 'n sprokie is - met geld-monsters en groen-arm-maak-goggas - as 'n strokie.

Die persoon wat te veel geëet het is knuppeldik, nie trippel-dik of kruppel-dik nie - selfs al voel dit hoe waar na daardie Kersmaal wat ouma voorberei het.

So gepraat van dik en dun; taal hoef nie altyd sin te maak nie. Indien alles sin gemaak het, sou ons gepraat het van duk en din sodat die vorm van die woord aanpas by dit wat beskryf word.

Taalflaters kom veral onder druk na vore - soos met eksamenflaters. Op die Facebook- blad Gee blomme solank daar tyd is, vind ons 'n kostelike versameling.

Enkele voorbeelde om verwarring uit te beeld: Die sportheld wat een-baan-denke het. Wat beteken die idioom: Uit die veld geslaan? Sy antwoord: ‘n 6.
Eerlikheid omdat die kind nie vir die Aardrykskunde geleer het nie. Wat is die ewenaar? Wanneer meneer naar is en ek is naar dan is ons ewenaar.
Die kind is nog besig met die aardrykskunde en die toets is al besig met Geskiedenis - soos blyk uit die volgende voorbeeld; Oorsake van die Koue Oorlog. Antwoord: Die son het nooit geskyn nie, die mense het warmte gesoek, die mense het so te sê verkluim.

Die Engelse kinders moes net ‘n sin maak met die woord "paaie", maar hy wou “traffic jams” gebruik in sy sin… Afrikaanse woord: verkeerskonfyte.
Om in een taal te dink en dan in die ander te antwoord raak moeilik sodra terme na mekaar te klink; Maak ‘n verklarende sin met “poets”. “Aspoestertjie se poets is deur muise getrek!”.
Manlike vorm van ‘n weduwee is ‘n skaduwee.
Kanse vat sal dalk 'n halwe punt gee? In watter geveg het Hannibal gesterf? Antwoord: sy laaste geveg.

Gelukkig dikteer logika sekere mense se denke. Wat kan jy nooit vir ontbyt eet nie? Antwoord: Middagete, & aandete
Gebrekkige kennis oor vakkundige taal help kreatiwiteit om te blom. Waarom moet rekenaargebruikers gereeld rugsteunkopieë maak? Sodat hulle nie rugpyn kry nie.
Hoe word dou gevorm? Die son skyn op die blare en dan sweet hulle.
Wat is ‘n terminale siekte? As jy op die lughawe siek word.
Al hierdie voorbeelde wys op 'n verkeerde of misplaaste interpretasie van een woord of konsep. Die kostelikhede laat almal lekker lag. Ons moet net seker maak dat lekker huil nie volg nie.

Ons kinders (en baie volwassenes) se taalgebruik en spelling is dikwels nie op standaard nie. Dit kan ons pragtige taal skade aandoen. Trek weer die woordeboek nader. De-aktiveer die voorspellingsteks wat eie is aan selfoontegnologie. Skryf weer net in Afrikaans. Kom ons bly wel ter tale.

Ampsdraers en lidmate wat graag sou wou help skryf aan artikels of redaksionele stukke kan gerus met dr. Otto skakel.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD 2022

Hierdie gaan die tiende uitgawe van Lewensbrood wees en sal weer dieselfde gehalte produk as in die verlede wees. Dit is op die oomblik besig om gedruk en gebind te word. Die afgehandelde produk sal binnekort beskikbaar wees. Kontak gerus vir Ella ella@geloofsbond.org.za

**BONDSVERGADERING**

Die notule van die vergadering word Maandag aan gemeentes uitgepos. Indien daar geen kommentaar of voorgestelde wysigings ontvang word nie, sal die notule as afgehandel beskou word.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

Kalenders

Kwitansieboeke

Offergawe boeke

Dames Kwitansieboeke

Konsistorie boeke

Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com